

Resensie

Geen land voor dromen deur Eep Francken en Olf Praamstra,

Amsterdam University Press, 2023

Heilna du Plooy

By die lees van Eep Francken en Olf Praamstra se literatuurgeskiedenis van Nederlandse literatuur in en oor Suid-Afrika het ek meermale gedink dat 'n meer gepaste titel kwalik moontlik is. “Geen land voor dromen” is 'n aanhaling uit 'n gedig, “De banneling”, van W. Hessels (skuilnaam van H.A. Mulder), maar op grond van die breër historiese beeld van Suid-Afrika wat via die bespreking van skrywers en tekste opgebou word, kan Hessels se belewenis van hierdie “wye en droewe land” weldeeglik op die Suid-Afrikaanse situasie van toeka tot nou van toepassing gemaak word. Waarskynlik sou 'n soortgelyke titel vir die geskiedenis in enige voormalige koloniale gebied gebruik kon word en ironies genoeg sou dit gepas wees sowel vanuit die hoek van kolonialiseerders as vanuit die hoek van gekolonialiseerdes. Want kolonialisme het in al hierdie gebiede die geskiedenis bepaal vanaf die moment van kolonialisasie. En die geskiedenis daarna het selde indien ooit voorspoedig verloop, selfs tot ver verby dekolonialisasie.

Hierdie boek is goed beplan, die materiaal is deeglik nagevors en die hele betoog is onderhoudend en vlot geskryf. Die skrywers verduidelik in die Inleiding hulle oogmerke soos volg:

Wat verstaan wij onder Zuid-Afrikaanse Nederlandse literatuur? Hoe keken belangrijke voorgangers naar deze teksten? Hoort de Zuid-Afrikaanse Nederlandse literatuur net zoals onder meer de Nederlandse literatuur uit Indonesië, Suriname, de Antillen en de Congo, tot de Nederlandse koloniale en postkoloniale literatuur? Welke Zuid-Afrikaanse Nederlandse literatuur brengen wij ter sprake en welke niet? En welke gegevens kan de lezer over wat wij wel bespreken, bij benadering verwachten? (Francken en Praamstra, 2023:23)

Om hierdie doelstellings te bereik het die navorsers ver en wyd gaan soek en tekste versamel. Ek gebruik hier die oorkoepelende term ‘tekste’ omdat 'n verskeidenheid tekssoorte betrek word, onder andere dagboeke, joernale, briewe, reisverslae, verhale en gedigte. In elke geval is daar 'n duidelike

motivering waarom 'n bepaalde skrywer se werk ter sprake gebring word; die agtergrond van die persoon self en die omstandighede waaronder die teks geskryf is, word verskaf en dan word die inhoud van die tekste bondig weergegee. Uit die betoog blyk duidelik dat die Suid-Afrikaanse Nederlandstalige literatuur weldeeglik tot die Nederlandse literêre korpus behoort en uiteraard is hierdie tekste tematies sowel as op grond van plek en omstandighede van ontstaan koloniaal en postkoloniaal, of kommentaar daarop.

Die gegewens wat aangebied word, is spesifiek relevant omdat dit met grenssituasies verband hou, omdat dit verskillende grense aandui en hierdie grensgebiede ontsluit, onder andere die grens tussen Europa en Afrika, die grens tussen Nederlanders (en later Afrikaners) en die inheemse mense, ook die grens tussen Afrikaans en Nederlands en nog later tussen Afrikaners en Nederlanders. Dit word 'n verhaal van die spanning wat ontstaan in kontaksituasies waarvoor daar geen modelle is nie en dus ook geen klinkklare voorbeelde is van reaksies, metodes en gedragspatrone nie.

Die eerste opmerking wat gemaak moet word, gaan oor die omvang van die literatuurgeskiedenis. Dit is ongetwyfeld 'n magtige en indrukwekkende hoeveelheid navorsing wat die skryf van die boek moontlik gemaak het. Die skrywers is beide goed vertrouwd met die Suid-Afrikaanse omstandighede omdat beide reeds baie navorsing oor literatuur wat met Suid-Afrika verband hou, gedoen het. Beide reis ook gereeld na Suid-Afrika vir kongresse en lesingreekse en ander akademiese doeleindes en dus ken hulle die omstandighede waarin en waaruit hierdie skryfsels van vroeë en later Nederlandse skrywers ontstaan het, goed genoeg. Uit die bibliografiese aantekeninge agterin die literatuurgeskiedenis blyk dan ook watter wye verskeidenheid van bronne geraadpleeg is, onder meer historiese geskifte, literatuurgeskiedenis van allerlei aard en materiaal in argiewe. Maar duidelik is die boeke, briewe, reisverslae, memoires en al die soorte tekste wat ingesluit is in die studie self ook betrek en deeglik bestudeer, soos blyk uit die weergawe van die inhoud van die tekste. Sover as wat ek kan oordeel, is die seleksie van skrywers en tekste verantwoord en dek dit inderdaad die spektrum van wat in Nederlands in en oor Suid-Afrika geskryf is. Figure wat onbekend gebly het, word opgediep en saam met bekende en prominente skrywers behandel. Die omvang en deeglikheid van die hele publikasie verdien groot lof.

Onder die skrywers wat behandel word, is daar bekende figure uit die vroeë geskiedenis kort ná die stigting van die verversingspos, byvoorbeeld Jan van Riebeeck, Adam Tas en Pieter van Meerhoff, maar ook passante se reisindrukke, stigtelike stukke en digters soos Pieter de Neyn en selfs vroue

soos Aletta Beck word genoem en bespreek. Vanaf 1700 verskyn daar steeds reisbeskrywings en stigtelike literatuur, maar daar is ook opstandelinge soos Boniface en Suasso de Lima wie se werk ter sprake kom. Dan is daar in die vroeë negentiende eeu die geskrifte uit die tydperk van die Groot Trek, meestal egodokumente, sommige bekend soos Tregardt se dagboek en die werk van Erasmus Smit en sy vrou Susanna, maar ander minder bekendes soos Anna-Elizabeth Steenkamp-Retief en M. de Voogd, die weduwee van ds. Stucki, word onder die aandag gebring.

Uit die middel van die negentiende eeu word heelwat aandag gegee aan Thomas François Burgers wat 'n bekende politieke figuur was, maar wat ook goeie verhale geskryf het (oor wie Praamstra vroeër ook al 'n boek laat verskyn het). Uit die later negentiende eeu word Hendrik Witbooi genoem asook die bekende S.J. du Toit. Interessant genoeg gee die skrywers heelwat aandag aan die Dorslandtrek. Met die opkoms van Afrikaans wat vanaf 1875 momentum kry, verskyn daar ander skrywers waarvan sommige hulle bly beywer vir Nederlands en ander aanvanklik in Nederlands skryf en dan oorslaan na Afrikaans. Buiten sommige bekende name soos Jorissen, Eugène Marais en Jan Lion Cachet is daar heelparty ander skrywers wat hier onder die aandag gebring word soos Hubertus Efficers, Jan Junius, T. Tromp en ene L. de Beer van wie geen ander gegewens opgespoor kon word nie. Die skrywers van die twintigste eeu is vanselfsprekend meer bekend en sluit in skrywers wat uit die Afrikaanse literatuur ook bekend is soos Jan F.E. Celliers, J.D. Kestell en C. Louis Leipoldt uit die periode in en om die oorlog van 1899-1902. Daar word heelwat aandag gegee aan groot historiese gebeurtenisse soos die Anglo-Boereoorlog en die Rebelle van 1914 en aan die mense in Suid-Afrika wat nog in Nederlands oor hulle ervaringe geskryf het.

Minder bekend is die figure wat na vore tree in die bespreking van die Nederlanders in die sogenaamde Hollanderkorps en ander Nederlanders wat aan die oorlog deelgeneem het soos byvoorbeeld Sandberg en Plokhoooy en Zuster Hellemans. Uit hierdie tydperk is daar uiteraard baie egodokumente, maar daar is in Nederland ook baie geskryf oor die oorlog. Die boeke van die bekende Lourens Penning oor die heldhaftige Boere was selfs baie gewild. In die twintigste eeu voer Francken en Praamstra hulle soektog deur tot in die hede. Bekende name soos Moorrees en Gerdener en Harm Oost uit die tydperk kort ná die oorlog kom voor en later word Greshoff en Hessels genoem as Nederlandse skrywers wat ook 'n rol in die Afrikaanse literatuurgeskiedenis gespeel het. Uiters boeiend is wat bekende Nederlandse skrywers soos Adriaan van Dis, Emma Huisman, Gerard Reve en natuurlik Vasalis oor Suid-Afrika te sê gehad het. Die lys eindig gepas met Alfred Schaffer.

Die boek is baie onderhoudend geskryf, selfs plek-plek met humor en ironie wat dit uiters leesbaar maak. Dit is ook sinvol dat daar by elke skrywer opmerkings gemaak word oor styl en die gehalte van die skryfwerk aangesien baie van die tekste informele geskryfte is, sommige uiteraard meer suksesvol as ander. So word daar onderskei tussen beter en swakker skrywers, aangetoon dat sommige naïewe of selfs vervelige amateurskrywers was wie se bydrae hoofsaaklik kultuur-histories van aard is, maar by ander, selfs onbekendes, is daar 'n aanduiding van literêre talent.

Vir my was dit 'n onderhoudende leeservaring wat deurgaans boeiend gebly het. Ek het met belangstelling regdeur gelees en was telkens verras deur die verskeidenheid van mense en tekste wat in Nederlands oor Suid-Afrika besin het. Die klein persoonlike opmerkings en effens lakonieke styl maak die leesbaarheid net beter, soos byvoorbeeld:

Dominee A.C. Stucki (1807-1847) was niet geboren voor het geluk. Als zuigeling kwam hij al in brand te staan; als kind viel hij van een hooizolder om terecht te komen op de hoorns van een koebeest. Ook raakte hij te water – hij werd ternauwernood gered – en werd hij overreden. Waardoor, zegt zijn levensbericht niet, maar wel dat zijn zenuwgestel later bleek aangetast. (Francken en Praamstra, 2023:299)

Die arme man het dan ook inderdaad op die laaste been van sy reis na Pietermaritzburg, op die skip tussen Kaapstad en Durban, te sterwe gekom. Afrika sou waarskynlik in elk geval vir hom te veel gewees het.

Die indeling van die boek volg nie net 'n chronologiese lyn nie, maar neem ander onderskeide soos die soort literatuur en die posisie van die skrywers in ag. Daarom word dagboeke en joernale, reisverslae en die werk van deurreisendes ('passante') duidelik onderskei. Genre-onderskeidings word ook gehandhaaf en weerspieël deur stigtelike literatuur, egodokumente, romans en verhale en poësie saam te groepeer.

Een van die groot bates van *Geen land voor dromen* is dat dit primêr 'n literatuurgeskiedenis is, maar dat daar ook ruim aandag gegee word aan historiese agtergronde. Dit is noodsaaklik omdat Nederlandse lesers uiteraard nie vertrouwd sal wees met al die detail waarna die skrywers in die verskillende historiese periodes verwys nie. Sorgsame uiteensettings van die historiese agtergrond word gegee vir elke volgende periode. Op dié manier word ander historiese lyne ook deurgetrek. Een van die deurlopende temas waarna die skrywers opgelet het, is natuurlik rasseverhoudinge. Dit is inderdaad dié onderliggende verhaal van Suid-Afrika as land, naamlik die verhouding tussen die Westerlinge en die inheemse mense. Dit sal ook

die Nederlandse lesers interesseer omdat dit hoofsaaklik is waaraan en waardeur Suid-Afrika geken word.

Vir 'n Suid-Afrikaanse leser is die geskiedenis natuurlik dikwels pynlik want, afgesien van foute wat in onkunde of in volle wete gemaak is, word dit opnuut duidelik hoe wedersydse onbegrip, met al die gepaardgaande ingesteldhede soos wantroue, vrees, arrogansie, meerderwaardigheid, en wat nog alles, van die begin af die toonaard gestel het op grond waarvan Suid-Afrika steeds moet voortgaan. En al het die rolle intussen radikaal omgeswaai, bly bepaalde vraagstukke en kulturele verskille prinsipiëel steeds aktueel. Vir die Suid-Afrikaanse leser is dit 'n besondere ervaring om jou eie geskiedenis te lees vanuit die oogpunt van mense uit ander kulturele agtergronde maar ook uit verskillende historiese tydperke. Uit die individuele reaksies en waarnemings van 'n groot aantal skrywers kom 'n uiters geskakeerde beeld van die geskiedenis na vore. Dit is dus verstaanbaar dat die skrywers van *Geen land voor dromen* telkemale die siening van 'n spesifieke skrywer oor die rasse-aangeleenthede uitlig omdat dit sowel die ontwikkelingslyne en die verdelings van standpunte aantoon.

Vir die tydgenootlike leser is dit dan ook weer opvallend hoe negatief die uitwerking van kolonialisme was en is. Die Nederlanders het groot verstoring gebring in die bestaan van die Khoi en die San en later die Xhosas, en die Britte het eenvoudig aangehou annekseer en kolonialiseer sonder om op enige manier aan langtermyn-nagevolge te dink. By al die ontwikkeling wat uit die koloniale besettings voortgespruit het, het daar oor tyd groter en dieper breuklyne ontstaan wat steeds nie genees kan word nie.

Die ander verhaal wat onderliggend is maar duidelik na vore kom, is die geskiedenis van tale in Suid-Afrika: eers Nederlands, dan vereenvoudigde Nederlands, later word die tale gemeng met verhalende gedeeltes in Nederlands en dialoog in Afrikaans en uiteindelik net Afrikaans. Terselfdertyd het Engels vanaf die vroeë negentiende eeu 'n al hoe sterker rol gespeel. Dit is ook duidelik dat waar historiese gebeurtenisse ingrypend is, soos met die Anglo-Boereoorlog en die Rebelle van 1914, taalkwessies sekondêr raak en die gebruikstaal vinniger oorneem. Mense kan nie oor fyner onderskeidings van taalvariante stry wanneer daar oorlog is nie en ná die oorlog neem Afrikaans heeltemal by Nederlands oor, net om al hoe meer deur Engels bedreig te word.

Die skrywers van *Geen land voor dromen* het 'n werklik omvattende projek aangepak en deurgevoer, deurgaans professioneel gebly en deeglik navorsing gedoen. Waar die inligting die geskiedenis sal help ontsluit vir Nederlandse lesers was dit vir my asof ek die geskiedenis van die land waarin ek woon,

opnuut en vanuit 'n ander hoek sien. Al die feite is dieselfde as wat ek ken, maar daar is dinge wat ek al vergeet het wat weer duidelik voor my kom staan het, alles verryk deur bykomende inligting. Veral oor die ouer geskiedenis. 'n Mens besef net weer “die verlede is 'n ander land”, halfbekend en onbekend en onbegryplik. Maar die patrone wat vroeg ontstaan en waarop die toekoms in elke fase gebou moet word, word in so 'n oorsig duidelik en dit is uiters insiggewend.

Want ten spyte daarvan dat ek my met oorgawe kon verdiep in hierdie boek, my kon verlustig in die persoonlike geskiedenis van al hierdie mense uit die verlede, al die raakpunte en knooppunte van wat bekend is uit die geskiedenis met die insigte van ander skrywers kon opskep, weet ek hard en duidelik: Die land wat uit hierdie tekste en hierdie geskiedenis na vore kom, is die land waar ek woon, maar dit is inderdaad, in sy verlede en selfs nog in sy hede, “geen land voor dromen”. Hier staan die werklikheid onwrikbaar voor jou, maar tot troos is daar steeds goeie mense, altyd 'n helder son, ruie gras, groen bome, die bruisende see en dramatiese berge in oordad. En steeds baie skrywers, inderdaad in Afrikaans én in Nederlands, wat met die land en sy mense bemoeienis maak.

Noordwes-Universiteit